# 11 Januarie 2024 - Lesing 211 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Hebreërs 1

*6 En wanneer HY weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê HY: En al die **Boodskappers (Ligwesens of engele)** van Elohim moet Hom vereer.*

*7 En van die Boodskappers sê HY wel: Wat van Sy Boodskappers **Geeste maak, Sy dienaars** 'n Verterende Vuur. [Psalm 104:4]*

*13 En aan watter een van die Boodskappers het HY ooit gesê: Sit aan MY regterkant totdat EK U vyande maak 'n Voetbank van U voete? [Psalm 110:1]*

*14 **Is Hulle nie almal dienende Geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die Lossing sal beërwe nie**?*

Slegs Ligwesens is toegelaat om te onderrig **–** 31/7/61

**NO: 7953** Die geestelike wêreld span homself onophoudelik in om aan die mense hulp te bring, aan hulle wie hulp van die Ligwesens verlang. Want alle Ligwesens is werksaam binne My Wil en wil Ek die mense hulp gee, **dan geskied dit dikwels via My engele, via al die ligvolle geeste** wat in die verwesenliking van My Wil hulle geluksaligheid vind.

Maar al hierdie wesens handel nie teen My Wil in nie, omdat hulle deur hul geestelike volmaaktheid al heeltemal binne My Wil gegaan het, omdat hulle vir hulleself **niks anders wil as wat My Wil is nie**, of ook: Omdat My Wil ook hulle s'n is, omdat daar in hulle liefde en wysheid is in alle volheid en hulle insien dat alleen My Wil die regte vir My skepsele in die oog het en hulle hulself daarom ook onvoorwaardelik aan My Wil onderwerp.

En so is dit begryplik dat hulle ook **die volledige waarheid oordra**, wanneer hulle deur My toegelaat word om aan die mense 'n geestelike lig te bring, wanneer hulle die opdrag het om die mense **deur middel van gedagtes te onderrig,** hul die evangelie (van die liefde) verkondig in die vorm van My Woord, **wat Ek ook deur die Ligwesens aan julle laat toekom**, - maar dit steeds dieselfde woord is wat van My uitgegaan het, omdat die uitstraling van My Liefde deur hulle ontvang word en **nou weer vêrder gelei word.** Want hul geluksaligheid bestaan in die ewigdurende verbinding met My, in die toevloei van My Woord, **wat hulle dus regstreeks verneem en weer vêrder lei soos wat dit My Wil is**.

Wesens wat hulle in die lig bevind, kan dus nooit onware geestelike leringe uitdeel nie en slegs wesens van die Lig is toegelaat om julle mense te onderrig, **wanneer julle My self om waarheid gevra het**, wanneer julle self die verlange na waarheid aan My toon deur julle vraag daarna.

Julle sal dan ook alleen maar in die waarheid onderrig kan word, **want Ek beskerm julle teen die opdringing van onryp geeste,** wat julle verkeerd wil onderrig, omdat hulle in opdrag van My teenstander werk, maar wat nooit toegang sal vind tot mense wat die waarheid begeer nie.

Daarom sal julle ook sonder sorge die woorde kan aanneem as My Woord wat julle deur die Ligwesens aangebied word, **want net hulle is oorbringers van die suiwer waarheid vanuit My**, wat hulle self ontvang deur **regstreekse aanspreking**.

Want My woord weerklink in die ryk van die salige geeste om hulle onvoorstelbaar gelukkig te maak. Maar omdat daar dan ook meegewerk word, want die liefde van hierdie wesens span haar onophoudelik in om lig in die duisternis te bring **en My Woord is die lig wat die duisternis deurbreek**.

En wil julle mense nou suiwer waarheid uit My in ontvangs neem, dan hoef julle julleself slegs innig met My te verbind en daarom vra.

Dat Ek vir julle dan hierdie vraag sal beantwoord, daarvan kan julle seker wees en dan ook alles as van Myself aanneem wat aan julle gegee word, ook wanneer dit aan julle deur Ligwesens gebring word, want in hulle straal die krag van My Liefde, My Woord, binne en deur hulle weer op julle mense na benede, vir wie in oorgrote liefde deur hierdie wesens gesorg word **en wat dit ook sal verhinder dat dwaalleringe in julle gedagtes binnedring**.

In My opdrag dring hulle al die onrype geestelike van julle af weg, sodat die suiwer "Woord van God" nie misvorm word nie, sodat julle mense die suiwer en onbedorwe kan ontvang, soos dit van My af uitgegaan het.

Maar dat ook My teenstander aan die werk is en druk doenig is om oral slegte saad uit te strooi, kan nie betwis word nie. **Maar dan is steeds die wil van die mense self bepalend** wat hierdie kragte toegang tot hulle verleen, wat hulself dus nie geheel aan My oorgee **en ook nie alleen die suiwere waarheid nastreef nie**, wat hul eie wil opgee en hulle in besit laat neem deur wesens wat hulle nog nie in die Lig bevind nie.

En daarom moet die mens streng selfkritiek doen, hoe ver hy in die regte verhouding tot My binnegegaan het. En hy moet homself steeds aan die goeie kragte oorgee, aan die Ligwesens en uitvoerders van My Wil, **hy moet My vra om beskerming teen al die lae geestelike wat hom in die noute bring**, hy moet steeds maar net wil dat hy deur My Self aangespreek word, Wie die Oerbron is van die waarheid en Wie daarom ook steeds maar net suiwer waarheid sal uitdeel waar dit begeer word.

Maar Ek sien en deursien die hart en al sy gedagtes. En so weet Ek ook hoe sy innerlikste wese geaard is en **in ooreenstemming hiermee sal hy bedink word**, ooreenkomstig hiermee sal hy omring word deur **kragte van die Lig of die duisternis**. Dog die Liefdeslig van ewigheid sal steeds straal in 'n geopende hart wat hom vir My geheel en al ontsluit het, sodat Ek hom kan vul met lig en krag. Amein.